# OFFICIAL GAZETTE

**EXTRAORDINARY**

OF SOUTH WEST AFRICA

**BUITENGEWONE**

# OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA

PUBLISHED BY AUTHORITY — UITGAWE OP GESAG

20c — Wednesday 11 July 1979 — WINDHOEK — Woensdag 11 Julie 1979 — No. 3995


## Government Notice

The following Government Notice is published for general information.

N. J. DAVIN
*Secretary of the National Assembly of South West Africa*

Windhoek

No. AG. 65 — 11 July 1979

PROMULGATION OF ACT OF NATIONAL ASSEMBLY

The following Act, which has been adopted by the National Assembly of South West Africa and signed by the Administrator-General in terms of the National Assembly Proclamation, 1979 (Proclamation AG. 21 of 1979), is hereby published in terms of section 19 of that Proclamation:—

No. 4 of 1979: Functions of Directorates Act, 1979

## Goewermentskennisgewing

Die volgende Goewermentskennisgewing word vir algemene inligting gepubliseer.

N. J. DAVIN
*Sekretaris van die Nasionale Vergadering van Suidwes-Afrika*

Windhoek

No. AG. 65 — 11 Julie 1979

AFKONDIGING VAN WET VAN NASIONALE VERGADERING

Die volgende Wet, wat ingevolge die Proklamasie op die Nasionale Vergadering, 1979 (Proklamasie AG. 21 van 1979), deur die Nasionale Vergadering van Suidwes-Afrika aangeneem en deur die Administrateur-generaal onderteken is, word hierby afgekondig ingevolge artikel 19 van daardie Proklamasie:—

No. 4 van 1979: Wet op die Funksies van Direktorate, 1979

**Act No. 4, 1979** **FUNCTIONS OF DIRECTORATES ACT, 1979**

*(English text signed by the Administrator-General on 9 July 1979)*

# ACT

**To provide for the exercise or performance of certain powers, duties and functions in directorates established in connection with the administration of the territory of South West Africa by or under the authority of the Administrator-General, and for matters connected therewith.**

BE IT ENACTED by the National Assembly of South West Africa, as follows:—

Definitions.

1. In this Act, unless the context indicates otherwise —

(i) "department" means a department as defined in the Public Service Act, 1957 (Act 54 of 1957); (i)

(ii) "director", in relation to a directorate, means the person appointed under the Public Service Act, 1957, as the head of such directorate under the name specified in the notice issued in terms of section 2 in respect of such directorate, and includes any person acting in his stead; (ii)

(iii) "directorate" means an office established under the Public Service Act, 1957, under the name specified in the notice issued in terms of section 2 in respect thereof, for the performance of the work connected with the administration under any law of affairs of or in the territory of South West Africa by or under the authority of the Administrator-General in relation to any matter assigned to such office under the said Act; (iii)

(iv) "head", in relation to a department, means the head of such department in terms of the Public Service Act, 1957; (iv)

(v) "law" means any law, or any provision of a law, which is administered by or under the authority of the Administrator-General. (v)

**WET OP DIE FUNKSIES VAN DIREKTORATE, 1979 Wet No. 4, 1979**

*(Engelse teks deur die Administrateur-generaal onderteken op 9 Julie 1979)*

# WET

**Om voorsiening te maak vir die uitoefening of verrigting van sekere bevoegdhede, pligte en werksaamhede in direktorate ingestel in verband met die administrasie van die gebied Suidwes-Afrika deur of onder die gesag van die Administrateur-generaal, en vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.**

DAAR WORD BEPAAL deur die Nasionale Vergadering van Suidwes-Afrika, soos volg:—

Woordomskrywing.

1. Tensy uit die samehang anders blyk, beteken in hierdie Wet —

(i) "departement" 'n departement soos omskryf in die Staatsdienswet, 1957 (Wet 54 van 1957); (i)

(ii) "direkteur", met betrekking tot 'n direktoraat, die persoon wat kragtens die Staatsdienswet, 1957, as die hoof van daardie direktoraat aangestel is onder die naam vermeld in die kennisgewing ingevolge artikel 2 ten opsigte van daardie direktoraat uitgevaardig, en ook iemand wat in sy plek waarneem; (ii)

(iii) "direktoraat" 'n kantoor wat, onder die naam vermeld in die kennisgewing ingevolge artikel 2 ten opsigte daarvan uitgevaardig, kragtens die Staatsdienswet, 1957, ingestel is vir die verrigting van die werk verbonde aan die administrasie kragtens die een of ander wet van sake van of in die gebied Suidwes-Afrika deur of onder die gesag van die Administrateur-generaal met betrekking tot 'n aangeleentheid wat kragtens genoemde Wet aan daardie kantoor toegewys is; (iii)

(iv) "hoof", met betrekking tot 'n departement, die hoof van daardie departement ingevolge die Staatsdienswet, 1957; (iv)

(v) "wet", enige wet, of enige bepaling van 'n wet, wat deur of onder die gesag van die Administrateur-generaal uitgevoer word. (v)

Notification of establishment of directorate.

2. The establishment of a directorate, the name thereof and the name under which the director thereof is appointed shall be made known by notice in the *Official Gazette*.

Application of section 4 in relation to particular directorate.

3. The provisions of section 4 shall apply in relation to a particular directorate as from the date upon which the notice contemplated in subsection 2 is published in the *Official Gazette* in respect of that directorate, unless the Administrator-General has determined some other date (which may be a date earlier than the first-mentioned date) and such other date has been made known in such notice, in which case the said provisions shall apply or, as the case may be, shall be deemed to have applied in relation to such directorate as from such other date.

Transfer of functions of head of department to director.

4. As from the date upon which any matter has been assigned to a directorate under the Public Service Act, 1957 (Act 54 of 1957), any power, duty or function which, immediately before that date, in terms of any law relating to such matter vested in the head of the department in which such law is administered, shall vest in the director of such directorate.

Construction of laws.

5. As from the date upon which any power, duty or function of the head of a department vests in the director of a directorate in terms of section 4 —

(a) any reference in any law contemplated in that section, or in any other law in so far as such other law relates to such power, duty or function or to the exercise or performance thereof —

(i) to the head of the department concerned, shall be construed as a reference to the director of the directorate concerned;

(ii) to any other officer of that department or the holder of any post therein other than that of the head thereof, shall be construed as including a reference to a person on the staff of that directorate whose functions correspond to those of such other officer or who holds a corresponding post in that directorate, as the case may be, or, if there is no such person, any person on such staff who has been designated in writing by the director of that directorate;

(iii) to that department, shall be construed as including a reference to that directorate;

(b) anything done before that date under any provision of a law to which paragraph (a) of this section applies, shall be deemed to have been done under such provision as construed in terms of that paragraph.

Kennisgewing van instelling van direktoraat.

2. Die instelling van 'n direktoraat, die naam daarvan en die naam waaronder die direkteur daarvan aangestel word, moet by kennisgewing in die *Offisiële Koerant* bekend gemaak word.

Toepassing van artikel 4 met betrekking tot bepaalde direktoraat.

3. Die bepalings van artikel 4 is met betrekking tot 'n bepaalde direktoraat van toepassing vanaf die datum waarop die kennisgewing in artikel 2 beoog ten opsigte van daardie direktoraat in die *Offisiële Koerant* afgekondig word, tensy die Administrateur-generaal 'n ander datum (wat 'n datum vroeër as eersgenoemde datum kan wees) bepaal het en daardie ander datum in daardie kennisgewing bekend gemaak is, in welke geval genoemde bepalings met betrekking tot daardie direktoraat van toepassing is of, na gelang van die geval, geag word van toepassing te gewees het, vanaf daardie ander datum.

Oordrag van funksies van hoof van departement aan direkteur.

4. Vanaf die datum waarop 'n aangeleentheid kragtens die Staatsdienswet, 1957 (Wet 54 van 1957), aan 'n direktoraat toegewys is, berus 'n bevoegdheid, plig of werksaamheid wat onmiddellik voor daardie datum kragtens 'n wet wat op daardie aangeleentheid betrekking het, berus het by die hoof van die departement waarin daardie wet uitgevoer word, by die direkteur van daardie direktoraat.

Uitleg van wette.

5. Vanaf die datum waarop 'n bevoegdheid, plig of werksaamheid van die hoof van 'n departement ingevolge artikel 4 by die direkteur van 'n direktoraat berus —

(a) word 'n verwysing in 'n wet in daardie artikel bedoel, of in enige ander wet vir sover daardie ander wet betrekking het op sodanige bevoegdheid, plig of werksaamheid of op die uitoefening of verrigting daarvan —

(i) na die hoof van die betrokke departement, uitgelê as 'n verwysing na die direkteur van die betrokke direktoraat;

(ii) na 'n ander beampte van daardie departement of die bekleder van 'n ander pos daarin as dié van die hoof daarvan, uitgelê as 'n verwysing ook na 'n persoon verbonde aan daardie direktoraat wie se funksies ooreenstem met dié van bedoelde ander beampte of wat 'n ooreenstemmende pos in daardie direktoraat beklee, na gelang van die geval, of, indien daar nie so 'n persoon is nie, 'n persoon aldus verbonde wat skriftelik deur die direkteur van daardie direktoraat aangewys is;

(iii) na daardie departement, uitgelê as 'n verwysing ook na daardie direktoraat;

(b) word enigiets wat voor daardie datum gedoen is kragtens 'n bepaling van 'n wet waarop paragraaf (a) van hierdie artikel van toepassing is, geag gedoen te wees kragtens daardie bepaling soos uitgelê ingevolge daardie paragraaf.

Exceptions.

6. If the Administrator-General or any person authorized by him considers it to be necessary, he may from time to time, in such manner as he may deem fit and with effect from a date determined by him (which may be a date earlier than the date of the determination ) —

(a) for the purposes of sections 4 and 5 determine which and to what extent laws relate to a matter assigned to a particular directorate, or to a particular power, duty or function vesting in a director or to the exercise or performance thereof;

(b) exclude any particular power, duty or function vesting in the head of a department under any law, or any particular reference in a law contemplated in section 5(a), from the provisions of section 4 or 5 with reference to a particular directorate or with reference to directorates in general:

Provided that a determination or an exclusion in terms of this section shall not affect the validity of anything done by virtue of section 4 or 5 before the date determined in respect of such determination or exclusion.

Short title.

7. This Act shall be called the Functions of Directorates Act, 1979.

6. Indien die Administrateur-generaal of iemand deur hom gemagtig dit nodig ag, kan hy van tyd tot tyd op die wyse wat hy goedvind en vanaf 'n datum wat hy bepaal (wat 'n datum vroeër as die datum van die bepaling kan wees) — Uitsonderings.

(a) vir die doeleindes van artikels 4 en 5 bepaal watter en in watter mate wette betrekking het op 'n aangeleentheid wat aan 'n bepaalde direktoraat toegewys is of op 'n bepaalde bevoegdheid, plig of werksaamheid wat by 'n direkteur berus of op die uitoefening of verrigting daarvan;

(b) 'n bepaalde bevoegdheid, plig of werksaamheid wat kragtens die een of ander wet by die hoof van 'n departement berus, of 'n bepaalde verwysing in 'n wet in artikel 5(a) bedoel, uitsluit van die bepalings van artikel 4 of 5 met betrekking tot 'n bepaalde direktoraat of met betrekking tot direktorate in die algemeen:

Met dien verstande dat 'n bepaling of uitsluiting kragtens hierdie artikel nie die geldigheid van iets wat voor die datum ten opsigte van die bepaling of uitsluiting bepaal, uit hoofde van artikel 4 of 5 gedoen is, raak nie.

7. Hierdie Wet heet die Wet op die Funksies van Direktorate, 1979. Kort titel.